AREA 10 SE JAARVERSLAG

Almal van ons weet wat is 'n anker.
Almal van ons weer wat is 'n vrou. Die samestelling is ANKERVROU.

Dit is wat Area 10 se lede is – ankervroue.
Maak nie saak waar ons anker gooi nie, daar gebeur altyd iets lekker en positief

Nou word hierdie ankervroue in 2026 brandende ankervroue – en steek hoop aan sover as wat ons gaan. Ons in area 10 is hier om te dien.
Ons woeker met ons talente
Ons leer nuwe patente
Soms werk dit, soms nie – maar hoe dit ookal sy
Ons bly VLU-vroue – sy aan sy.

Min in getal, maar ons kreatiwiteit is voltal
Luister nou na my verslag
en kyk of ons die toets slaag.

Area 10 bestaan uit 4 takke: Reddersburg (1927) en is amper 100 jaar. Jagersfontein (1934) – 90 jaar en 'n bietjie, Luckhoff (1930) 95 jaar en 'n bietjie en Koffiefontein (1943)- 80 jaar en 'n bietjie.

REDDERSBURG

Dit is die pannekoek tak – elke pannekoek wat val, is 'n rand of twee in die bank. Onderwerpe soos depressie en bipolêre versteurings word behandel, 'n blomplaas word besoek. 'n Kursus word bygewoon van hoe om borduurwerk met 'n masjien te doen. [Nou weet ek hoekom sekere lede se artikel gewen het.] Demonstrasies is aan die orde van die dag en die kuns van hekelwerk word bewonder. 'n Werkswinkel is aangebied oor suurdeeg gebak, veral brode. 2027 hier kom Reddersburg.

JAGERSFONTEIN

Hierdie tak verjaar
'n volle 90 jaar
Kom ons wys 'n mooi gebaar
Omdat hulle verjaar.

Hulle het 'n bedrywige 2025 gehad, want konferensie 2026 is hul voorland. Alles word tot in die fynste besonderhede bespreek – en hier is die bewys voor julle. Intussen word daar nog gewerk aan skou artikels. Na 'n interessante demonstrasie van meshantering, kom hulle tot die besef dat 'n mes nie net 'n mes is nie. Oktobermaand word hulle bederf met 'n Derma Puur-behandeling. (Ek het nogal gesien party se plooie is mooier.)

LUCKHOFF

Hulle is op en wakker. Hulle word goed ingelig deur 'n plaaslike motorwerktuigkundige sodat almal nou weet hoekom 'n motor eintlik 'n enjin moet hê. Opvoedkundige speelgoed van klei word gemaak en om Afrikaans 100 te vier, het Cara Tomlinson van Kimberley taal en taalirritasies met hulle gedoen. Venessa Holtzhauzen van Koffiefontein oortuig hulle dat gesond eet, eintlik lekker eet is en sy gee meer inligting oor haar ZINZO-produkte. Met

kersfees om die draai word geskenksakkies gemaak en almal is dit eens dat 2025 ‛n vreugdejaar was.

KOFFIEFONTEIN

Met die hoeveelste sluiting van die myn, het Koffiefontein se getalle gedaal, maar ons klompie lede doen ons bes.  Om vergaderings interessant te hou, probeer ons elke vergadering se verversings met ‛n twist aan te bied.  Kos word alles op ‛n stokkie aangebied – weet julle hoe lekker is gevulde eiers op ‛n stokkie.  Slaaie word gemaak met vreemde smake en souse.  Toebroodjies met vulsels wat nie pas nie – marmite met heuning, roereier en grondboontjiebotter.  Normale poeding met ‛n abnormale bestanddeel.

Ons leer hoe om ‛n selfoon vir veiligheid te gebruik deur van die opsie  "Emergency calls" gebruik te maak.  Ek deel my pad met Kanker met die lede en onbekende feite word bekende feite.  Fondsinsamelings word maandeliks gedoen deur bestellings te neem vir veral Kerrie en rys en hamburgers.

En so woeker area 10 om VLU lewend en brandend te hou.  Die mooiste manier om ‛n begin te maak aan iets, is met ‛n dankbare hare.